
# STROOM-OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL

3DE TERMYN 1983


# AFFIES IS WEER EENS BAAS!



*V.l.n.r.: Martin, André, Marius en Ludwig.*

Gedurende die Administrateursbekerkompetisie in tennis van 1983, moes die hele Transvaal se hoërskole weer eens toesien hoe Affies die gesogte trofee na sy tuiste neem.

Aangesien die hele eerste span van 1982 reeds uit die skool is, is daar nie verwag dat ons die sterk span van Boys High sou klop nie. Dit was egter geen probleem vir die "gevreesdes" nie en ons klop Boys High ook vroeg-vroeg in die seisoen met 4-2. Geen ander span in Pretoria kon enigsins hond haaraf maak teen die eerste span nie en ons wen toe ook die Pretoria-liga met redelike gemak.

Die semi-finaal teen Jan de Klerk Teknikon was ook nie 'n onoorkombare struikelblok vir die Affies nie aangesien ons hulle met 6-0 kafgedraf het deur met pragtennis vorendag te kom. Daar is met groot verwagting uitgesien na die finaal teen Linden op Loftus Versfeld.

In Oktober is die finaal toe gespeel en alhoewel André en sy spanmaats maar redelik lugtig was vir Linden se sterk span, was hulle tog vol vertroue om die finaal in hul guns te beklink. In die enkelspelwedstryde het Affies ook nie 'n enkele wedstryd verloor nie en slegs twee stelle afgestaan.

Die dubbelspel wedstryde is ook deur Affies gewen sonder werklike teenstand van Linden se kant af. Met die telling 6-0 in ons guns, is spel gestaak aangesien die voorsprong onoorkombaar groot was.

Die uitslae was soos volg:

**ENKELSPEL**

1. Marius Masencamp klop André Terblanché 6/3, 7/5.
2. André de Beer klop Danie Terreblanche 6/2, 6/1.
3. Ludwig Hansen klop H Göbel 7/5, 4/6, 6/4.
4. Martin Badenhorst klop C Göbel 6/2, 6/7, 6/1.

**DUBBELSPEL**

1. Masencamp en Hansen klop Terblanche en Terblanche 6/46/3.
2. De Beer en Badenhorst klop Göbel en Göbel 6/26/76/1.

Aan André, Ludwig, Marius, Martin en Wehmeyer: Baie geluk met jul puik spel en spog prestasie! Affies is trots op julle! Volgende jaar maak ons weer so.

## *DIE KOOR DOEN AMBASSADEURSWERK*

Toe sy haar arms vandag vir oulaas rondgeswaai het en elke musiekterm aan ons oorgedra het deur haar grasieuse gebare, het ek ineens besef dat alles nou verby was. Dit was die einde van 'n koorjaar, met menige hoogtepunte, waarop elkeen van ons met trots en dankbaarheid kan terugkyk.

Dit was die einde van 'n jaar waarin elke koorlid geleer het wat dit vir 'n mens beteken om lid van 'n koor te wees, maar veel meer nog, lid van juffrou De Villiers se koor. Nóg so 'n koor bestaan nie en dit is dan ook bewys toe die Afrikaanse Hoër Meisieskool die eerste prys in die landswye A.T.K.B.-kompetisie gewen het vir die beste skoolkoor in die land. Dit was stralende Affiemeisies wat op Jan Smuts aangekom het na 'n opwindende naweek in Bloemfontein, waar ons Transvaal se naam moes hooghou. Ek glo nie Bloemfonteinse koshuisgange het al so iets beleef soos dié Saterdag nag nie. Die Affies het maar eenmaal gees!

Ons het dié koorjaar met 'n naweek op die Erasmusse se plaas afgesluit waar ons, afgesien van harde oefening, geleer het om soos regte plaasjapies perd te ry en onder 'n sterrehemel te slaap. Die wildsvleis en varsgebakte brode sal ons nooit oor uitgepraat raak nie. Die mees besondere optrede was sekerlik die een in die Staatsteater. Wat 'n voorreg was dit nie om op die Staatsteater se verhoog te staan en deel te wees van 'n massakoor met orkesbegeleiding nie. 'n Herinnering wat elkeen van ons, asook die toeskouers sal bybly.

Daar was baie optredes wat te veel is om van te vertel en tog was elkeen 'n belewenis, 'n opwinding om deel te wees van musiek en te glimlag wanneer tant Hessie se Witperd by jou verby hardloop, of nuuskierig te wag vir die uitwerking wat "Jericho" op die toeskouers het. Om alles te kroon staan daar 'n vrou in 'n lang diepblou rok voor ons, wat elke toeskouer van bewondering na sy asem laat snak. Ja ons stem almal saam. Daar is net een van haar soort en ons was elke oomblik trots om so 'n kunstenares as koorleidster te hê.

Dit is juffrou de Villiers se inspirasie wat ons tot soveel hoogtes gelei het. Elkeen van ons het haar baie liefgekry en sal nooit die werk vergeet wat sy vir ons koor gedoen het nie.

As matriekleerling en koorlid wil ek na vandag se kerkafsluiting namens elke Affie-dogter dankie sê vir die besondere manier waarop juffrou ons vandag gelei het om 1983 se kerkafsluiting onvergeetlik te maak, omdat ons op dié dag al die lof, eer en dankbaarheid aan God kon bring, wat die Maker van sang is. Ons groet juffrou en wens u sterkte toe en bid u God se seën toe op alles wat u volgende jaar in u nuwe tuiste sal aanpak.

## *Affies plant bome*

12 Augustus 1983.

Nasionale Boomplantdag.



Vanjaar was die jaar van die Kareeboom. Bome is een van ons mooiste natuurpragstukke en daarom het Affies dit goedgedink om ook 'n paar bome aan te plant.

Ten aanskoue van al die Affies het mnr. Roesch, wat self 'n natuurliefhebber is, en verteenwoordigers uit elke standerd agt pragtige Kareeboompies geplant.

Natuurbewaring is een van Affies se hoogste prioriteite en so 'n boomplantdag word heelhartig ondersteun.

Mag die Regering elke jaar so 'n positiewe veldtog van stapel stuur om ons as mense altyd natuurbewus te hou.




**the young ones**

*vir:*
*Rokkies vir alle geleenthede — Ons spesialiseer in al julle modegrille.*
*Ure: 8.30 - 6 uur vir die Kersseisoen '83*


arcadiasentrum 311, vlak 3
beatrixstraat
arcadia 0083
pretoria

posbus 40281
arcadia 0007

tel: (012) 26-3727
huis: (012) 46-4807 (na-ure)

# REDAKSIONEEL

## *REDAKSIE 1984*




**ST. 10**

Leanda de Jager — *Redaktrise*
Marna Steyn — *Sub-redaktrise*
Elsa Oosthuizen — *Kultuur*
Mimi Schuman — *Kultuur*
Ilse du Preez — *Algemeen*
Meleny Cunniff — *Algemeen, foto's*
Michelle Chidrawi — *Sport*
Louise Earle — *Advertensies*
Annari Harley — *Sport*

**ST. 9**

Ute Robbertze — *Sport*
Nicolette Rose-Innes — *Sport*
Marlise de Vos — *Algemeen*
Karen Steyn — *Advertensies, foto's*
Lorinda Botha — *Advertensies*
Melissa Cronje — *Algemeen*
Santa van der Merwe — *Kultuur*

**Redakteur:** A. Manser
**Sub-redakteur:** P. Herman
**Kultuur: P. Swart**
**M. Myburgh**
**G. Rautenbach**
**Sport: S. Botha**
**P. de Wet**
**L. Hamman**
**Fotografie: A. Erasmus**
**N. Ferreira**
**Advertensies: F. Barnard**
**Algemeen: J. Venter**
**S. de Beer**

## REDAKSIONEEL

### Aan die einde van 'n jaar. . .

Stadig maar seker het die uurglas vir 1983 leeg geloop en nou snel die jaar teen einde.

Maar dit het ook tyd geword om te groet, want vir ons matrieks is dit meer as net 'n einde van 'n jaar. Dit is die einde van 'n skoolloopbaan — 'n leefwyse!

Waar ons elkeen nou volgende jaar in ons eie rigting gaan spat en gaan probeer om 'n toekoms vir onsself te bou, het dit ook tyd geword om stil te staan en terug te dink. Terug te dink aan 'n hele loopbaan — aan alles wat verby is. Al die mooi herinneringe is al wat ons nou kan koester.

Maar ons wil ook dankie sê, dankie aan 'n skool wat enig in sy soort is en waarvan die lig steeds hoog brand. Dankie aan 'n hoof en personeel wat ons gelei en gehelp het, al was dit soms seer. Dankie aan Affies, ons maats, want wie kan sonder vriende lewe? Maar veral dankie aan ons Skepper wat ons die nodige krag en leiding gegee het, om ons skoolloopbaan te kan voltooi.


1983 was 'n puik jaar en waarvan al die hoogtepunte ons altyd sal bybly. Aan almal wat agterbly, wil ons net sê: maak van 1984 'n nog beter jaar en dra Affies se lig hoog.

Aan almal wens ek 'n baie gelukkige Kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar toe.

Aan Affies sê ons tot siens, maar nie vaarwel nie.

Laat daar lig wees!

## So onthou ons haar — ELSA DU PLESSIS



Nou is sy nie meer daar nie — maar ons as Affies sal mevrou Elsa du Plessis, in lewe senior sekretaresse by die administratiewe kantoor vir 'n hele aantal jare, met groot liefde en deernis onthou.

Die half verleë glimlaggie, die mooi blou oë en die altyd vriendelike woordjie, het ons as Affies altyd so waardeer. Toe sy ernstig siek begin word en een operasie op die ander volg — het sy nog haar blymoedige gees behou. Sy het altyd wanneer 'n mens haar in die hospitaal besoek het met haar eie kenmerkende manier gesê: "Nee, dit gaan goed, dankie."

Ons onthou haar met die krukke, hier by die skool. Sy was later ernstig siek, maar nog was sy vir menige seun 'n voorbeeld deur nog getrou op haar pos te wees. Skielik is sy in die hospitaal opgeneem en haar toestand het versleg — toe die skoknuus — Elsa du Plessis is nie meer daar nie. Sy is op Messina ter ruste gelê.

Tannie Elsa, die seuns van A.H.S. eer u nagedagtenis.

## AFSKEIDSBOODSKAP

Vyf jaar is nie lank nie, maar ons as matrieks voel aan dat dit altyd een van die heel belangrikste en wonderlikste tydperke in ons lewens sal bly. Toe ons hier aangeland het, was ons dogtertjies. Na vyf jaar weet ons dat ons as 'n groep gegroei het tot jongmense wat ons plek gaan volstaan. Ons sien uit na die toekoms.

Ons weet dat ons nie 'n beter leerskool kon gehad het nie. Ons het geleer om hard te werk en om lekker te speel. Ons weet wat geloof, vriendskap, verantwoordelikheid en deursettingsvermoë beteken. Ons weet hoe dit voel om jou heel beste te gee en ook om spontaan en uitbundig saam met 850 maats te lawaai en pret te maak. Kan daar ooit 'n beter gees heers as dié in Affieland? "Affies dra die Blou", Interhoër, Affiool; die "Onse Vader" Vrydagoggende, Erekleuredag, Kerkafsluiting — alles vloei saam tot een wonderlike herinnering.

Vir hierdie grootse ervaring, om vir vyf jaar 'n Affie te kon wees, wil ons graag elke onderwyseres bedank. U toewyding en opoffering in ons belang, sal ons nooit vergeet nie. Mej. Holtzhausen, u was vir ons baie meer as net 'n skoolhoof. U is vir ons 'n simbool van wat edel en vroulik is. Dit is u wat vir ons die voorbeeld gestel het wat ons dwarsdeur ons lewe sal bybly en wat ons sal probeer nastreef. Miskien besef ons in hierdie stadium nog nie eens ten volle wat ons by u en ons ander onderwyseresse geleer het nie, maar tog weet ons dat u invloed in ons lewens altyd werksaam sal wees.

Na ons sal daar nog baie geslagte Affies wees en ons gun hulle van harte die voorreg om deel te word van iets wat baie meer is as geboue en boeke — tradisie, gees, 'n lewenswyse.

*Christa Krüger*



*So het elke Affie sy bydrae gelewer.*

## KERKAFSLUITING — 1983
## A.H.M. A.H.S.

**A.H.M.**
Ingeryg sit die blou blitsies op die gallery. Eindelik is dit dié groot dag. Na oefensessie op oefensessie kan die goed ge-oliede "masjien" o.l.v. mev. De Villiers niks verkeerd doen nie.

Die gaste kom statig die groot Kerk binne. Sakdoekies sommer al byvoorbaat styf vasgedruk in die hand. Die matrieks sit met groot oë vol heimwee, hulle neem afskeid, afskeid van 'n lang skoolloopbaan.

Ds. van Wyk open met 'n gepaste boodskap: Kyk na die lelies van die veld, God klee en versorg hulle; net so sal Hy vir ons matrieks sorg. Mej. Holtzhausen se boodskap het ons bewus gemaak van hoe bevoorreg ons is en hoe baie ons onverdiend ontvang. Dit het goed gegaan met Meisies Hoër gedurende 1983.

Die samesang was onverbeterlik. Dink net — as die S.A.U.K. professionele opnames kom maak, dan moet dit uitstekend wees. Die koor het soos engele gesing en baie vinnig het die gaste begin trane wegpink. Die massasang was iets wat mens nie elke dag hoor nie. Elke leerling van st. 7 tot st. 10 was aangedaan. 'n Kerkafsluiting sonder mev. De Villiers kon ons ons kwalik voorstel.

Na afloop van 'n onvergeetlike kerkafsluiting het almal huiswaarts gekeer — vas van plan om daardie opname op die kasset te koop. Almal sien uit na volgende jaar se afsluiting.

**A.H.S.**
Alles is nie tevergeefs nie. Dit was die kerngedagte rondom die boodskap van dr. P.J. de Bruyn op 26 Oktober tydens die kerkafsluiting.

By die besondere geleentheid was teenwoordig: die matrikulante, hul ouers, mnr. Roesch, personeel verbonde aan die skool, en die res van die leerlinge in tradisionele uitgaandrag.

Die skriflesing was 'n gedeelte uit Prediker 1:1-11 en 1 Korinthiërs 15:51-58.

Wat die diens kortliks behels het was die vraag wat jy jou soms afvra nadat jy 'n betrokke mylpaal bereik het, wat presies jy daardeur bereik het of die baie gewilde vraag of dit regtig die moeite werd was?

Die antwoord op dié vraag staan in Prediker 1:2 en 1 Korinthiërs 15:58 aangestip.

Hierna het die koor op 'n roerende wyse tot siens gesing met 'n eie komposisie van mev. R. Smith. Hulle verdien werklik alle lof wat hul toegeswaai kan word.

Die nodige bedankings is deur mnr. Roesch afgehandel en die matrikulante het die kerk stigtelik met 'n handdruk en voorspoedswense van hul voog-onderwysers verlaat.

Stroom-op wens julle ook Gods rykste seën en sterkte toe en mag die lig wat julle uitdra deur almal gesien word en onthou: niks is tevergeefs nie.



*Die "Kanaries" oefen.*

# AFRIKAANSE BYBEL — 50-JAAR

Hierdie jaar is vyf Affies weer genader om aan 'n vasvrawedstryd deel te neem. Hierdie jaar se onderwerp was die Bybelvertaling wat besonder interessant was. Daar was vir 'n hele paar weke deeglike voorbereiding gedoen. Pakke aantekeninge is deurgewerk en ook boeke moes gelees word oor die onderwerp.

Dit was ook nie lank nie of die aand het aangebreek dat al die Affies en mnr. van Huyssteen moes vertrek na die Hoërskool Wonderboom. Bo ons verwagting was daar agtien skole wat deelgeneem het en hulle almal was baie netjies uitgevat in hulle skoolkleure en het slaggereed gelyk.

Die opening het in die skoolsaal plaasgevind. Daar is elke span deur iemand vergesel na die spesifieke klaskamer waar 'n toets van 'n uur afgelê moes word.


Na die pouse is almal terug na die saal waar die punte van die spanne oor die eerste deel van die vraestel bekend gemaak is. Affies was sover vierde. Die spanning het hoog geloop toe die laaste paar vrae en vir een gemerk is. Die uiteindelike uitslag was dat Affies sy vierde plek behou het en dus net-net 'n pragtige trofee misgeloop het!

Dit was voorwaar baie leersaam en ons wil net ook vir mnr. Van Huyssteen dankie sê vir sy moeite en almal wat deelgeneem het.

*Hand. 2:11 "Ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God spreek".*

Elke meisie het graag haar deel bygedra om die Bybelverspreiding te bevorder. Almal het by die vlag aangetree en toe 'n 50c op die teer neergelê. Ons het besef hoe bevoorreg ons is om nou al 'n Bybel vir 50 jaar in ons eie taal te hê.

# VELDSKOLE IS DIE MOEITE WERD



Op Donderdag 15 September het honderd en sewentig standerd agts voor die skool vergader. Daar is nog vir oulaas gegroet en so skuins na 10h00 het ons per bus na Oos-Transvaal vertrek.

Daar is sonder ophou gesels en gekou, totdat ons omstreeks om 15h00 by die Veldskool te Amsterdam aangekom het. Die tasse is blitsvinnig afgepak en daarna is ons ingelig oor die prosedure van die veldskool. Ons is in groepe van sewe ingedeel, waarna sekere manne in ons geledere kans gekry het om van hul twak ontslae te raak.

Die aand het ons in die opelug by kamp A, 'n paar kilometers buite die dorpie, oornag. Elke lid in die groep het beurtelings waggestaan, of liewers, waggesit-lê.

Vrydagoggend het bewuswording, liggaasoefeninge en uiteindelik ontbyt gevolg. Dis nie dieselfde as Ma se kos nie, maar vul darem die honger kol op 'n man se maag. Die kriteriabaan het die Affies deeglik laat kopkrap en hier het spanwerk gewis getel.

Terug by die terrein van die veldskool is ons volgens groepe in koshuise ingedeel. Elke oggend het die onderwysers en veldskoolpersoneel inspeksie van ons woonkwartiere gedoen. Selfs nie eers die stof op deurkosyne is misgekyk nie!

Saterdagaand is ons in nog 'n nuwe veldskoolgebruik ingelei, nl. "lanternbekruip". Die groep wat die stilste kon beweeg, het hier die naaste aan die lantern gekom.

'n Lesing oor Kommunisme, waartydens leelinge hul mening kon lug en vrae kon stel oor dié gemeenskapstelsel was daarna aan die beurt. In 'n interessante praatjie oor popmusiek, het ons besef watter groot invloed musiek op ons lewens het soms ook nadelig.

Die Dinsdag is ons almal deur die hindernis- en avontuurbane Hier was spanwerk weer eens 'n voorvereiste. Die prettigste was natuurlik die "foefie slyde" en daar is met groot gelag en geraas in die water geval.


Woensdag is 'n staptoer onderneem. Die ergste deel was seker toe 'n mens met rugsak en al teen "tjankbult" moes uitloop, of liewers, uitkruip. Nou verstaan ek hoekom hulle dit "tjankbult" noem!

Die dag se verrigtinge is afgesluit deur 'n konsert, waartydens elke groep sy bydrae kon lewer. Ons het natuurlik seker gemaak dat die onderwysers ook moet optree! Na twee dae in die veld, het 'n stortbad 'n mens daaraan herinner hoe dit is om weer skoon te wees.

Gedurende dié week is aandag ook geskenk aan geestelike vraagstukke en daar is veral klem gelê op die Skepping, menseverhoudinge, spanwerk en leierskap.

Omstreeks sesuur die oggend van 23 September het moeë Affies terug na Pretoria vertrek. Hoe bly was die manne nie om weer tuis te wees nie! Ons bedank graag die personeel van die veldskool, asook mnre Myburgh, Venter, Oelofsen, Pretorius, Swart en Burger wat die veldskool meegemaak het. Dit was voorwaar die moeite werd!

# Die Jolle van '83




*Die Jol-decor in wording.*

Wanneer enige persoon "disko" en die musiek wat daarmee gepaard gaan in ons gemeenskap noem, is almal dadelik op die agterpote en beveg dié euwel om dit wortel en tak uit te roei.

'n Soortgelyke gevoel jeens die sokkiejol het onstaan. Daar was vrese oor wat kon uitbroei, maar D-dag nommer een het gekom en niks het gebeur nie — niks. So onverwags — dit was dan net 'n ander naam vir disko — maar was dit? Nee, dit was en is iets totaal anders. Dit is 'n geleentheid waar twee skole kennis met mekaar kan maak en 'n tradisionele "vrees" kan afskud. Dit is dan presies wat by die jaar se sokkiejolle plaasgevind het.

Dit het 'n drie-jaarlikse geleentheid geword waar die Affies bymekaar kan kom. Dis soos 'n vakansie by die see om na uit te sien, om bietjie weg te kan kom van die akademie en die batterye weer te laai vir dit wat nog moet kom.

# DRILPELOTON

Vir die eerste keer in 'n baie lang tyd, het die Afrikaanse Hoër Meisieskool besluit om 'n drilpeloton vir die jaarlikse kompetisie in te skryf. Sonder juffrou Bothma en sersant-majoor Dauth sou ons beslis nie so goed gevaar het nie.


Gedurende die tweede termyn is daar op Dinsdae en Donderdaemiddae geoefen en die laaste twee weke voor die kompetisie is die pouses ook opgeoffer.

Die kompetisie het op 27 Augustus plaasgevind en almal het die vorige aand in die bed gelê en naels kou en gewonder of alles vlot sou verloop. Ons het 'n goeie vertoning gelewer en is sesde geplaas uit die dertien skole wat deelgeneem het. Ons leidster, Isabel Maas, het derde geëindig. Die hoërskool Voortrekkerhoogte, op wie se terrein die kompetisie gehou is, het die eerste plek behaal en ons sê aan hulle baie geluk!

Die drilpeloton rig hiermee ook 'n waarskuwing aan Voortrekkerhoogte: Wees gereed, want volgende jaar gaan julle voor ons die knie buig!



*Affie — drilpeloton.*




# Die Koshuis, Ons Groot Wiel

'n Wiel? Dit is hoe ons die Koshuis definieer. Huis Frank le Roux, ons huis, is 'n groot wiel en ons elkeen vorm ratte wat die wiel help draai. Die grootste rat is die seniors wat die meeste werk, terwyl die ander ratte net as ondersteuning dien.

In 'n mens se lewe is daar tye vir kennis maak, en daar is tye vir afskeid. Daar is tye vir vasbyt, en daar is óók tye vir rus. Sulke tye kan jy nie probeer misloop nie, want die groot wiel hou maar net eenvoudig aan met draai.

Hierdie tyd van die jaar is die tyd om afskeid te neem. Die matrieks gaan 'n nuwe blad omslaan, en weer van vooraf begin. Hulle verlaat ons, maar hulle laat ons nie met niks agter nie. Daar is vir ons 'n duidelike spoor agtergelaat waarin ons kan volg. Alles is daar, ons moet net sorg dat ons die wiel op die spoor hou.

Vir hierdie taak is daar alreeds manne gekies, manne wat hul alreeds baie goed bewys het deur die jaar. Organissasie en samewerking het glad nie by hulle tekort geskiet nie. Volgende jaar sal hulle alles oorneem en hulle sal sorg dat ons in die voetspore van ons voorgangers volg. Die standerd 9's van 1983 sal nog vir lank onthou word vir die navolgenswaardige voorbeeld wat hulle gestel het. Ons dink aan verskeie manne soos Abraham Manser, S.W. Esterhuyzen, Pieter herman, Janson Papenfus, Ludwig Hansen, Henry Kelbrick, Philip van Vuuren en vele meer. Die name is te veel om op te noem maar aan almal wat die voortou geneem het, kan ons maar net sê dankie, dankie dat ons kan weet dat julle volgende jaar die wiel gaan laat draai. Ons weet dat julle alles in jul vermoë sal doen om van 1984 dié jaar te maak.

Die res van die Koshuis sê maar net aan julle dat julle ons volle samewerking het. Die ratte sal draai en die wiel sal met meer trots beweeg as ooit tevore.

Voorspoed vir 1984!

*"Mike, waarvan word 'n glasoog gemaak?"*
*"Nee, ek weet nie."*
*"Van glas, Mike."*
*"O ja. Dis logies, anders sou mens nie deur hom kon sien nie."*


# Jan doen sy plig

Affies het 'n goeie reputasie as getroue landsburgers. Dit hoort tog so. Maar daar is seker min skole in die land wat met ons kan saampraat as dit kom by die praktiese uitlewing van jou burgerskap. As daar een seun is waarop Affies voorwaar trots kan wees, dan is dit Jan Maritz.

Jan, 'n standerd 10 prefek, het roem vir die skool en agting by die polisie verwerf toe hy gedurende die tweedetermyn die polisie gehelp het om 'n dief aan te keer. Jan het 'n Swartman wat geld uit 'n kasregister in 'n winkel gegryp en weggehardloop het, aangekeer.

Toe die dief voet in die wind slaan het Jan egter nie soos ander omstaanders, net die toneel gadegeslaan nie, maar die boef agternagesit en aangekeer. Die geld is terugbesorg en danksy ons held is die boef veilig agter die tralies. Mooi so Jan!

As blyk van waardering het die polisie vir Jan voor die skool bedank en beloon vir die voorbeeld wat hy vir ons almal gestel het. Was daar maar meer manne van Jan se kaliber, dan sou die polisie se taak soveel makliker gewees het.



*Janie Heyneke*

# DIE ONBEKENDE AFFIE

Wie sing altyd tot hulle rooi in die gesig is tydens Interhoër? Wie werk hard, maar kry nie juis erekleure nie? Wie behoort aan baie verenigings? Wie is trots op ons skool? Op wie is ons skool trots? Op die onbekende Affies van wie daar so vele, dierbares in die skool is.

Die gelukkige persoon wat aangewys is as ons eerste "onbekende Affie" en daarmee saam 'n pragtrofee verower het, is Janie Heyneke 'n st. 10-leerling van 1983. Baie geluk Janie, ons weet jy sal net so 'n staatmaker in die samelewing wees!

# Onnie-treffersparade

Mnr. Roesch — Is there something I should know?
Dr. van der Merwe — Beat it
Mnr. van Huyssteen — Another brick in the Wall
Mnr. Edwards — Living on a lasting /Mad World
Mev. Botha — Talk, Talk
Mnr. Booysen — Blue Eyes
Mnr. van Rooyen — It hurts to much
Mnr. Swart — Buffalo Soldier
Mev. R. Smith — Rock and Roll is King
Mnr. Pretorius — Johny B. Goode
Mnr. Malan — Tie a yellow ribbon around the old oak tree
Mev. M.F. Roux (Wetenskap) — Don't Go
Mnr. Botha — Man gave names to all the animals
Mnr. Celliers — Mr. Roboto
Mej. Haese — Lady, Lady, Lady
Mnr. Bezuidenhout — Dreamers Ball
Mnr. van Wyk — Staying alive
Mev. van den Berg — Money, Money

# "Affie-Gentleman"

Wat het gebeur met die "Affie-gentleman", hierdie befaamde woord wat jou in die verlede onderskei het as iemand van hoër stand?


Het hierdie woord deesdae onder ons jeug nog bestaansreg aangesien almal in ons moderne leefwyse verslap het ten opsigte van respek teenoor hul meerderes? Dit is egter geen ekskuus vir enige Affie-seun nie want by ons is die hoofdoel om ordentlike, opgevoede en geleerde "gentlemans" die ruwe wêreld van vandag in te stuur.

Dit is die gebruik op Affies, soos dit hoort, dat seuns opstaan wanneer 'n onderwyser die klaskamer binnekom, maar is ons nie besig om 'n bietjie laks te raak nie en net vooroor te leun en te hoop hy/sy sê: "Sit maar," nie? Dit is nie die witvoet wat tel nie. maar die beginsel daarvan — respekteer jou meerdere.

Dit is 'n feit dat elke ouer wat nog sover die koshuis van Affies besoek het, opmerk hoe vriendelik die Affie-seuns is wanneer daar opgestaan en gehelp word. Dit was tot 'n paar jaar gelede 'n tradisie gewees dat die standerd sesse al die matrieks op hul name behoort te groet. Ek dink dat hierdie tradisionele gebruik behoort voort te bestaan, want dit bewys dat daar 'n hiërargiese bestel by Affies is wat bydra om van Affies 'n hoogs aangeskrewe skool te maak.

Daar rus egter 'n groot verantwoordelikheid op die ouer manne: hulle moet tog respek verdien wat hul toekom, maar is hulle wel respekwaardig of misbruik hulle dit?

Om 'n ordentlik, opgevoede en geleerde heer die wêreld in te stuur, moet almal in hierdie skool geskool word in die "Affie-gentleman" tradisie sodat hy dit saam met hom die volwasse wêreld kan inneem — tot voordeel van sy medemens.




# Groot aap gee laaste boggem

Die afgelope twee jaar is die leerlinge in die Duitse klas deur 'n wit gorilla getreiter. Tog is dit met jammerte dat ons nou van die ongedierte moet afskeid neem.

Ons wens mnr. Botha geluk met sy aanstelling as Departementshoof in Nelspruit. Dit is voorwaar 'n groot prestasie vir 'n jong man om die aanstelling te kry.

In die Duitse klas het ons hom leer ken as iemand wat die onderwys en sy vak baie lief het. Dit kan 'n mens sien uit die goeie prestasies van sy leerlinge. Die gesindheid waarmee hy sy werk gedoen het, het vir almal as aansporing gedien.

Mnr. Botha, wat meer bekendheid as iets anders verwerf het, was 'n selferkende filosoof. 'n Mens weet nooit of die Botha-filosofie nie dalk eendag in boekvorm sal verskyn nie. Miskien is dit iets vir mnr. Botha om oor na te dink.

Gedurende verlede jaar se Desembervakansie was mnr. Botha leier van 'n Affie-toergroep na Europa. Almal wat die toer meegemaak het sal mnr. Botha as 'n redelike, vriendelike man onthou.

Ook op die sportveld, as afrigter van die derde rugbyspan, as skeidsregter van die Lentedag raakrugbywedstryd of selfs as swaarvoertuigbestuurder, was mnr. Botha 'n bekende gesig.

Affies wens mnr. Botha baie sterkte toe in sy nuwe pos.

# Tipiese sêgoed:

**Landi:** Ek voel nou gestamp.
**Linelle:** Jufrou-u-u-u?
**Felecia:** Nou ma' gaaf!
**Christelle:** Wat gaan ek nou doen? Pluk!
**Renske:** Ek's nou siek vir daai scene!
**Gussie:** I'm kind of allright, hey?
**Petro le R:** Juffrou, kan ek net iets vra, asseblief?
**Sonja:** Moet jou nie komkommer nie, netnou word jy groen!
**Tanya** Wie gaan ek volgende jaar matriekafskeid toe vra??



# EKO-AFFIA?

Ekonomie raak al hoe meer gewild in Affies, en reeds verskeie seuns neem Ekonomie as 'n sewende vak!

In die Ekonomieklasse word baie gedoen om dié vak aangenamer en interessanter te maak. Ons doen onder andere daagliks verslag van die jongste ekonomiese nuus, soos byvoorbeeld die daaglikse afmerk van die goudprys op 'n goudgrafiek. Verder het ons ook inflasietablle en aandelegrafieke geteken en gereeld groepbesprekings gehou. Hierdeur kon ons makliker ons vak aan die praktyk koppel, en het die waarde van Ekonomie vir elke Affie groter beteknis gekry.

Ons het ook gedurende die jaar 'n baie leersame uitstappie na Johannesburg onderneem. Ons het ondere andere by die Coca-Cola fabriek 'n draai gemaak. Hier het ons gesien hoe so 'n fabriek se produksiestelsel funksioneer, en het ons vir die eerste keer besef hoe 'n groot rol Coke in Suid-Afrika se ekonomie speel. Later het ons 'n draai gemaak by die Johannesburgse Effektebeurs. Hier het ons die hartjie van Suid-Afrika se ekonomie van nader bekyk. Ons is onder andere ingelig oor hoe handel gedryf word op 'n aandelemark, en wat die rol van 'n effektebeurs in 'n land se ekonomie is.

Soos in die verlede het ons ook vanjaar weer deelgeneem aan verskeie kompetisies, o.a.:

— Die GIS se landswye Ekonomiese Opstelwedstryd
— Die ICL se Bestuursspeletjie
— Die Effektebeursspeletjie

Die Affies het weer goed gevaar en het Affies se naam hoog gehou.

Ons wil graag ons dank betuig aan mev. Van den Berg en mnr. Malan wat alles moontlik gemaak het.

Ons sien uit na Ekonomie vir '84!




# TOEROPA-TOER
## 7 Julie — 1 Augustus

**Londen 8-11 Julie**
'n Groot gunsteling by die Affies. Dié wêreldstad is propvol uitverkopings — seker die goedkoopste van die hele toer. Die winkelmense is oor die algemeen vriendelik en behulpsaam. Wat die stad nog meer bevoordeel, is 'n skitterende hotel wat ontbyt in die bed bedien, heelwat "skinheads" en "punks" waarna ons kan staar, sowel as die gewone gewilde besienswaardighede, waaronder St. Paul's, Buckingham Palace en Madame Taussand's.

In die aande kon ons gaan fliek, die teater besoek, op die Teems rondvaar of sommer net by Piccadilly Circus ronddrental. Dis nog vreemd dat dit eers om 21h30 skemer word.

**Parys 11 - 13 Julie**
"As ek maar Frans geneem het" . . . word menige Affie se versugting.

Ons hotel vorm 'n kontras met die Londense een: sommige Affies word selfs in "honeymoon-suites" ingedeel! Ons moet gewoond raak aan blikkies koeldrank wat meer as R1 kos, water wat gekoop moet word (kraanwater is ondrinkbaar) en . . . vóórgeregte bestaande uit Franse brood.

Tydens die stadstoer sien ons al die nodige besienswaardighede en verstom ons aan ons gids se aksent en droë humorsin: "Well, Napoleon met with a little problem at Waterloo. . ." Die middag besoek ons Versailles, maar kan a.g.v. 'n bomdreigement nie die paleis binnegaan nie. Dan bewandel ons maar die tuine. In die aand besoek sommiges Montmartie, onder die Eiffeltoring en nog 'n paar gaan vaar op die Seine.

**Duitsland 13 - 15, 18 en 19 Julie**
Ons, land op Kölin en is bly om weer iets te kan verstaan! 'n Nuwe gewoonte wat ons moet aanleer is om ou tannies in kleedkamers te betaal vir die voorreg om hulle domein te besoek. Ons ontmoet die gids, busbestuurder en netjiese, koel bus wat ons vir elf dae sal vergesel.

Ons ry al langs die Rhyn af, per luukseboot, dan deur die Swartwoud, steeds verder suid. Al die hotelle is skitterskoon en die beddens is met duvets voorsien — goeie idee! Kougomoutomate word ontdek en menige mark vermors.

**Siwtserland 15 - 17 Julie**
Net soos op sjokoladedose — groen berge met wit pieke, hout chalets met beddegoed wat by die vensters uithang en geduldige koeie met klokke om die nek. Horlosies en sjokolade is uiters gewild. Ons woon 'n Switserse fondue-aand by, waartydens "Sarie Marais" entoesiasties uitgebulder word.

In Grindelwald, 'n ski-vakansieoord, gaan ons met die fistbahn teen die berg op. Die vyf en twintig minute lange rit na bo, in 'n swaaiende stoeljie, is onvergeetlik. Ten spyte van die koue bo, ski ons al sittende by 'n stuk ongesmelte sneeu af, net om nog kouer te word. Vet pret!

Oor die algemeen is die Switsers stug, dalk selfs onvriendelik.

Na twee dae in Switzerland is ons weer in Duitsland, die keer in Lindau — die Bodensee is yslik groot! Een oggend het ons die voorreg om mev. Nel te sien hardloop: Tydens 'n verkeersknoop klim sy af om vars lug te skep, toe die verkeersknoop skielik weer ontknoop!

Neuschwanstein is 'n sprokiespaleis. In Oberammergou ontvang Mimi die eerste brief van die huis, en word jaloers aangekyk. Ons besluit die Duitsers se gewildste tydverdryf is bierdrink — elke derde besigheid is 'n kroeg!

Die aand gaan kyk ons na tipiese Tiradise volksdanse. Weer eens word die program met 'n luide "Sarie Marais" afgesluit.

**Oostenryk 19 — 21 Julie**
Oostenryk is bekend vir goeie gebak en koffie — maar dan moet jy van stérk koffie hou! Ons besoek Salzurg, Mozart se geboortestad en tydens die drie-uurlange terugtog na Innsbruck het ons genoeg tyd om verlore slaap in te haal. In beide Innsbruck en Salzburg dien perdekarre as taxi's.

**Italië 21 - 30 Julie**
Wat 'n kontras met die netjiese, stywe Duitssprekende lande! Feitlik onmiddellik is die huise gemoedelik slordiger, die strate vuiler, artikels goedkoper en die mense vriendeliker. Selfs ons nuwe bus toon dié eienskappe! Die enigste nadeel is dat ons weer water moet koop, teen 1000 litre 'n liter ($\pm$ 80c)

Venesië se Gondolarit is romanties met sang en musiek. As 'n groep meisies kry ons heelwat aandag, veral die blondines! In Floraans word die stadstoer verkort, sodat meer tyd aan inkope bestee kon word. Michelangelo se Dawidbeeld is pragtig!

Rome, selfs in temperature van 41°C en hoër, is baie gewild. Ons eet waatlemoen, kersies, perskes en . . . gesmelte sjokolade. Italië het beslis die lekkerste roomys, pizzas en die aantreklikste manne! In chaotiese Napels besef ons hoekom baie Italianers klein motortjies ry — blykbaar stop net lafaarde by rooi robotte!



# BOB VOYAGE

Die reuse sukses van vanjaar se matriekafskeid is te danke aan spanwerk en die feit dat daar reeds vroeg begin is met die voorbereidings.

Nie lank na die st. 9-komitee aangewys is nie, het die fondsinsameling reeds begin. Ons het 'n mooi bedrag geïn en ons het verder min finansiële probleme gehad.

Daar is op die tema "Bon Voyage" besluit wat toe die vorm van die dek van 'n ou skip aangeneem het. Daar is die hele Oktobervakansie hard gewerk, "sleepers" gedra, geverf en gespeel.

Die week vóór die afskeid het al hoe meer st. 9-leerlinge deelgeneem aan die "saalaktiwiteite" alhoewel slegs sowat 'n kwart effektief gebou het. 'n Paar fanatieke werkers het selfs so ver gegaan as om 'n paar aande by die skool horisontaal te verkeer.


Eindelik . . . die groot dag het aangebreek. Die aand het twaalf "ordentlike" matrose die gaste ontvang, bedien en toe eindelik ook met sommige gesellinne gedans.

Almal kon nie uitgepraat raak oor dié mooi opgemaakte saal nie en ten spyte van die harde werk, sal dié afskeid vir almal wat daar by gemoeid was, 'n onvergeetlike geleentheid wees.



Aan die matrieks wens ons net die beste toe en mag julle bootjie nooit op die rotse beland nie. "Bon Voyage!"

# Liewe Tannie . . .



Liewe Tannie,

Ek help julle graag met al julle kwale en probleme. Skryf aan:

Liewe tannie
Stroom-op Redaksie
Affies

* My voete het 'n klankie, en wanneer ek skoene aantrek styg die volume van dié klankie. Niemand praat met my nie. Ek gebruik nou babapoeier maar dit help nie. Help!!

ANTWOORD:
*Vryf hulle elke aand goed met gekapte knoffelvlokkie. Draai 'n plastieksakkie om en slaap die nag so. Verwyder plastiek en spuit goed met "Doom". Herhaal elke 4 ure en wissel die knoffel met uie af!!*

* * *

* Ek is 'n arme, vaal, ongewone ou dogtertjie wat geen ideale het nie. Ek is oorgewig, my hare is dof en my gesig vol merke. Ek is eensaam en alleen en ek is dringend op soek na liefde. . .

ANTWOORD:
*Gooi vandag jou ou vel weg en begin lewe!! Kleur jou hare rooi (en jy sál opgemerk word). Gaan vandag nog op 'n sjokolade dieet en kry binne ure die resultate. Begin Vogue lees en beplan 'n nuwe klerekas. Om intellegent te kan gesels, koop "Wit Tier" en kry 'n donker onderlaag om die merke te verberg. Stel vir jou een ideaal in die lewe, nl. soek 'n ou!! Moenie wag tot môre nie, dis dalk te laat. . .*

* * *

* Ek is 'n sagte seuntjie wat my mammie baie lief het. Ek hou van popspeel, maar al my maatjies spot my. Ek wil graag verander, maar waar moet ek begin?

ANTWOORD:
*Gaan koshuis toe!!*

* * *

* Ek is 'n kranige rugbyspeler en was gekies as stut vir die eerste span in st. 8. Nou wil die onderwyser my egter nie meer toelaat om te speel nie. Hy sê meisies speel netbal. Nou verloor ek al my "spiere" en my nommer agt en veertig rokkie is te groot. Wat nou?

ANTWOORD:
*Begin oefen om al die slap spiere gou weer in kondisie te kry. Daar is groot moontlikhede vir 'n yster-meisie. Die aanvraag na Amasones wat 'n 5-tonner kon optel is groot. Beskou dit as 'n uitdaging!*

* * *

* Ek is nou al lank in die land maar, steeds onbekend met sovele dinge. Wanneer kan ek my snor begin skeer? Wanneer ek dié netelige sakie met my sussie wil bespreek, dan begin sy te giggel en dan skree my pa al die snorbaarde skeef en my ma klap al die slaap uit my oë!!

ANTWOORD:
*Liewers te vroeg as te laat, ou seun. Gaan koop by Clicks 'n pienk "Daisy"-skeermes en raak ontslae van die lastige ou donsies. Onthou net jou ou velletjie is nog gevoelig en smeer dus agterna Vaseline aan om die teerheid te verlig.*

* * *

# Expo — 84'

Vroeg reeds is daar aan moontlikhede begin dink vir 1984 se Expo-uitstalling. Daar is gewoel en gewerskaf vir die vale en alles was in rep en roer vir die groot dag!

Met 'n groot aantal Affies wat toe by die uitstalling opgedaag het, is Affies se vernuf weer eens ten toon gestel. Die standaard was weer soos vroeër baie hoog en die kompetisie van die stafste wat 'n mens kon verwag.

'n Hele paar van ons leerlinge het toe daarin geslaag om deur te dring na 'n verdere rondte wat alreeds 'n besondere prestasie is. Die twee Stumpf-broers het dan ook daarin geslaag om in hulle onderskeie afdelings te wen en dus eerste plekke in Transvaal te behaal. Wat 'n besondere prestasie is!



Ons wil net graag mev Smit en al die Affies bedank vir hulle pragwerk. Ons vertrou dat dit volgende jaar nog beter sal gaan en dat nog meer Affies die lig sal laat skyn!




# Romantiese klere vir spesiale dae

Viktoriaanse krae en "leg of mutton", moue met baie kant en brokaat en gekreukelde fluweel — 'n romantiese droom wat seker deel uitmaak van elke meisie se droomwêreld. Maar, dit hoef nie noodwendig net 'n droom 'n 'n onbekombare begeerte te bly nie. Veral in Italië en Brittanje, word pragtige skeppings nog met die hand vervaardig om optimistiese drome te bewaarheid. Pretoriase vroue is dan ook gelukkig genoeg om 'n unieke boetiek te hê wat dié droomklere invoer.

Elke uitrusting wat mens in hierdie boetiek vind, is romanties en geheel en al tydloos. Die ontwerpe is meestal nie gebonde aan 'n spesifieke modegier nie en is dus altyd en sal nog altyd in die mode wees omdat dit 'n vrou soos 'n vrou laat voel. Modegrille en giere gaan verby — maar romantiese rokke sal altyd bly want dit is deel van 'n vrou en wagwoord van daardie spesiale aand.

Gerda Bester ('n oud-Affie) eienares van "She boetiek" in Sanlamsentrum sê dat mens die individu in elke kledingstuk kan sien en elkeen is as't ware 'n juweel in jou kas. Sy meen dat 'n meisie haarself nie aan die neus moet laat lei deur modebase nie, maar moet dra wat haar pas. Die wagwoord van daardie spesiale geleentheid is dromerig en soms 'n bietjie uitdagend met laag op laag kant in wit, pienk en lilakleure.

She het ook meer gemaklike drag; maar ons konsentreer op 'n voorkoms wat "ander" se koppe laat draai.



## *IDIOME*

**Mej. Holtzhausen:** Die baas maak die plaas.

**Mev. Boardman:** Aan die voete van Gamaliël sit.

**Mej. Craus:** Met die helm gebore wees.

**Mev. Dicker:** Dit is algebra vir my.

**Mev. Pera:** Nuwe here, nuwe wette.

**Mev. Bauer en mev. Rhoodie:** Die dood is in die pot.

**Mev. de Villiers:** Moenie die lied te hoog insit nie.

**Mej. Swart en mev. v.d. Heever:** Hulle boer onder een sambreel.

**Mev. v.d. Schyff:** 'n Mens kan nie yster met jou hande breek nie.

# *Matriekafskeid '83*

Droom?! Werklikheid?! Tot vandag toe weet sommige van die matrieks nog nie of 30 September 1983, 'n werklikheid of slegs n droomvlug van hulle verbeelding was nie. Die st. 9's kan egter vir hulle 'n klinkklare antwoord gee: 'n werklikheid voorwaar! Ons dra immers die tekens en merke daarvan -'n T-hemp met n swart blops verf op die voorkant; 'n rooi skraap waar 'n spyker in die pad was; 'n ruiker gedroogde rooi blomme...

Reeds om 12h00, Vrydagmiddag het die st. 9's begin woel en werskaf; 'n blou tent het uit die grond verrys, 'n koffie-hoekie het asof vanuit die niet verskyn en swart en wit Ascot-figure het teen die mure van die saal gaan staan, terwyl noagmotors verby outydse huisies met houtheinings gejaag het - 'n sprokie in swart en wit. Die eetsaal is omgetower in 'n banketsaal met kerse, blomme, - te veel om op te noem en orals was die kenmerkende Affie-funheid te sien in die keurig gedekte tafels en geskenk mandjietjies.

Voor lank het die klok 07h00 geslaan, en die matrieks het met hulle prinse opgedaag. Uitgevat en met blosende gesigte, opwinding in hulle blink oë, het hulle in die here se arms oor die vloer gesweef. Eindelik het etenstyd aangebreek en almal het na die eetlokaal gestap. Nadag juf. Pellisier almal goed welkom laat voel het, het 60 blommeverkoopsters, getooi in swart rompe, wit bloesies, voorskootjies en wit hoede, stomende, watertand kos na binne gedra. Die mans se oë het gerek en gerek terwyl die hoender, rys, boontjies en beesvleis op hulle borde verskyn het om dan net so vinng weer in leë mae in te verdwyn. Roomys met karamelsous het alles afgerond.

Agter die skerms het die bediensters onder die oorgeblewe hoender, roomys en druiwesap baljaar en gerieflikheidshalwe van berge en berge vuil skottelgoed en glase vergeet. Elke rok en ou is in detail bespreek, terwyl die oë geblink het, van afwagting op volgende jaar, wanneer dit óns beurt sal wees.

Maar elke goeie ding het n einde en te gou het die klok weer 12h00 geslaan. Die gaste, steeds gehul in 'n feestelike stemming, het vertrek en die koets het in 2 moeë voete verander, die tabberd in n romp met 3 spatsels hoendersous daarop - die bediensters was weer aspoestertjies.

Om 02h00 het die laaste st. 9 haar moeë voete, en rooi gestoomde hande na die motors gesleep en dadelik in die slaap van dooies geval. Op die skoolgrond is die laaste ligte uitgedoof, net die silhoeët van die tent het daarop gedui dat daar enigsins iets merkwaardigs plaasgevind het. In die hart van die elke matriek sal dié aand egter bly voortleef tot die blosende wange in rimpels verander ........

# GRAPPE

Onderwyser: *"Raath ken jy jou alfabet?"*
Raath: *"Ja, Meneer."*
Onderwyser: *"Nou watter letter kom na A?"*
Raath: *"Al die ander, Meneer."*

*Wat is die definisie van 'n tuinslang?*
*Dit is 'n lang slap gat met rubber om.*

*Hoekom neem Frans vuurhoutjies saam as hy gaan slaap?*
*Om te sien of hy die lig afgeskakel het.*

Leerling: *"Pa, kan Pa in die donker skryf?"*
Pa: *"Ja, hoekom?"*
Leerling: *"Skakel dan die lig af en teken my rapport."*

*Die probleem met sosiale grappe is: hulle word prefekte.*


*Die verskil tussen 'n onderwyser en 'n hoof is: die onderwyser stuur sy probleme hoof toe en die hoof stuur syne klas toe.*

*"Pat bestuur nes weerlig."*
*"Ry hy dan so vinnig."*
*"Nee, hy tref altyd bome."*

Mnr. Roesch, trots aan inspekteur: *"Wat het u eerste getref toe u by ons inkom?"*
Inspekteur: *"'n Tennisbal teen die kop."*



# Sprekers toon hul slag




Die Afrikaanse sowel as Engelse debatsverrigtinge het vanjaar op 'n hoë noot afgesluit.

Die belangstelling in die interne redenaarskompetisie was so groot dat dar eers uitdunne gehou moes word.

Hierna het die finaliste elkeen 'n beurt gekry om sy saak, gedurende 'n saalperiode, voor die hele skool te stel. Die toesprake het oor 'n verskeidenheid onderwerpe gehandel en was deurgaans van hoogstaande gehalte. Hoewel die juniors deeglik voorberei het, kon mens sien dat daar nog 'n gebrek aan ondervinding was.


Die finale rondtes van Afrikaans en Engels het onderskeidelik op die 3de en 4de Oktober plaasgevind. Die wenners in elke afdeling was soos volg:

| | Engels | Afrikaans |
|---|---|---|
| St. 6 | 1. Evan Andreou | 1. Johan Luies |
| Juniors St. 7,8 | 1. Stephan de Beer | 1. Stephan de Beer |
| Seniors St. 9,10 | 1. Corni Myburgh<br>2. Adriaan Venter<br>3. Danie du Toit | 1. Corni Myburgh<br>2. Johan de Bruin<br>3. Andries Erasmus |



*Mej Affie 19?*

# *An Affair of the Heart*



Enige verband op die bladsy???

Once there was a girl called *Rosanna* whose parents were too *Blinded by Science* that they didn't even notice her turning into a beautiful young *Lady* a real *Candy Girl.* She and her parents quarrelled very much and she used to *Back Chat* them, then she would ran *Faster than the Speed of Night* out of the house, past the *Men at work* who used to watch her. There was one particular guy named *Johnny B Goode* who adored her but he was *An Innocent Man* and didn't know how to *Tell her about it.* Therefore he was *Wishing — If only I had a photograph of her. . .!!* But *Love was a Stranger to him,* she didn't even notice him. That's why *He Called it the Blues.*

Meanwhile *Rosanna* was very unhappy and *Waves* of depression were passing her. *True, she Had a heart cold as ice.* Sometimes she wished she knew. *The Other Side of Love to Get the balance right.* One night she woke up and found a bunch of flowers with a note on her bed. It read: *"Don't forget to dance JBG."* That night she couldn't sleep and kept thinking: *"I'm gonna run away."* The next morning she was gone, on her way to *America.* She was *Reaching for more . . .*

Unfortunately that day it was *Raining again.* She thought: *Wherever I lay my hat now, that will be my home".* Luckily she found a cave. Later on she heard *Voices — there was a Stranger in her house!* Someone came in lika a *Hurricane* and she panicked: it might be some *Bad Boys. . .* It was Johnny — he was hiding from the rain. She didn't notice him at first but it was a *Frick of the Light.* When he saw her he nearly had a *Heart-Attack!* She thought *Hey, Boy,* and her heart went *Wham!! Sweat dreams are made of this! He wrapped his arms around her* — to both of them *it was the Total Eclipse of the Heart*

## Affies Quiz-kids

Die Wiskundeklub (of rekenaarklub) was gedurende hierdie termyn bevoorreg om weer deurgaans van die Universiteit Pretoria se toerusting gebruik te maak. Hierdie voorreg is verder aangevul deur die bystand van 'n hoogs bekwame instrukteur om ons te help met die tegniese sy van dinge. Baie dankie UP!

By die skool self het dinge nie agterweë gebly nie en leen die skool tans twee minirekenaars gratis. Die belangstelling is baie groot en dié twee "menere" is vèr vooruit vol bespreek. Verder het die skool ook 'n groot rekenaar gekoop waarop die skooladministrasie gedoen sal word. Hopelik sal die probleem van gedrukte rapporte nou iets van die verlede wees, omdat dié ook nou by die skool gedoen kan word.

Die belangstelling in die Wiskundeklub is groot en die klub se getalle het so gestyg dat 'n beperking op die ledetal oorweeg is. Dit kos R5 om aan te sluit en die lid kry dan 'n tweeweeklikse "rekenaarkursus" en kry voorkeur by die gebruik van die skool se rekenaars!

Baie dankie aan mevv. Botha en Coetzee vir hulle toegewyde belangstelling en aanmoediging!



*"Ek wil kamerverlaat!"*

# PRESIDENTSVERKENNERS

**Die Presidentsverkennertoekenning is die hoogste toekenning wat enige jeuglid van die Voortrekkerbeweging kan ontvang. Dit getuig van buitengewone Afrikanerskap, Voortrekkergesindheid en leierspotensiaal.**

Dit is egter nie die enigste prestasie wat in die Voortrekkerbeweging bereik kan word nie. Om 'n Hoofleierswag te wees is die tweede hoogste toekenning en om 'n lid van die drie keurgroepe op Lunsklip te wees is net so fantasties.

Ag, alles klink seker so formeel, maar dit is alles behalwe die geval! Die Voortrekkers is 'n Afrikaanse kultuurbeweging en 'n sosiale vriendekring. Dié wat Voortrekkers is, sal weet van die kampvure, ossewa-discos en vlotvaarte met tonne pannekoek en liters koffie. . .

Dan is daar natuurlik nog die Buitegroep. Tien meisies en tien seuns oorleef agt dae lank in die veld. Maar wag, ek het mos 'n eed afgelê om niks te verklap nie. Al wat ek sal sê is dat dit 'n onvergeetlike gebeurtenis is van grappe oor die tweerigtingradio in die laatnag tot "koeie" bekruip met 'n emmer en twee treë van die "koei" af besef dat jy in die middel van 'n bulkamp lê, voor die stoetbul. . .

Tog is daar baie harde werk verbonde aan die verwerwing van die Presidentsverkennertoekenning. Die wapen mag jy dan ook op jou uniform dra tot jy dalk die dag Hoofleier word!


Hierdie jaar het twee leerlinge van die Meisieskool die eer gehad om Presidentsverkenners te word. Hulle is Annamarie Esterhuize en Heidi Rolfes.

Ek hoop ek het julle almal geïnspireer om Voortrekkers te word!


# *SONSKYNHOEKIE*

Sterretjie van Sterkfontein beoefen Judo as stokperdjie en sal graag met veglustige "MANS" tussen 70 en 80 kg wil oefen. Aspirant veglustiges kan skryf aan:

S. Stinkster
Sterkfontein
Judolaagte
007




Sonskynhoekie:
Akademikus is 'n netjiese, uiters intelligente wrak in st. 6. Hy hou daarvan om ensiklopidieë te lees vir ontspanning en Willem Wikkelspies vir slaaptydstories. Hy luister na die Afrikaanse Diens op FM. Stil, teruggetrokke. Teruggetrokke dogtertjies kan sy adres in die biblioteek vind.



* * *

Boetie is 'n sagmoedige seun met 'n groot hart. Hy is lief vir alle mense en hou van pienk melkskommels. Hy dra net pastelhempies want dit pas by sy rooi haartjies. Meisies met opregte harte en egte wit hare mag hom kontak.



* * *

Woeste Willemien: Enige outjie tussen die ouderdom van 5 en 13 is meer as welkom om te bel.
Stokperdjie: was wasgoed (verkieslik skones)
My telefoonnommer verskyn agter op die OMO-karton.

* * *


Twee Akademiese wrakke.
Stokperdjies: swat, leer, studeer.


Lang meisies met donker hare kry voorkeur. Geen popmusiekliefhebbers. Ontmoeting eers oor twaalf maande moontlik omdat akademiese loopbane eers voltooi moet word.



* * *

Soetlief is 'n soet meisie wat hou van manne en moterfietse. Sy verkies "Brute" vir deodorant en bad met Liveboy. Geharde seuns met karakter kan 'n nota in die pos gooi.







## Onnie-drome

Mnr. Tuinslang — strenger waterbeperkings
Mnr. Malan — dat pandjieswinkels geel dasse aanvaar
Mev. T. le Roux — dat haar kollega haar besem se enjin regmaak
Mnr. le Roux — dat Pamper-pryse daal
Mnr. Botha — dat piesangs nie sy keel krapperig maak nie
Mnr. van Staden — dat daar 'n 100 m rustig-stap-item was
Mnr. Bezuidenhout — dat sy bynaam meer vierkantig was
Mnr. van Huysteen — dat sy bynaam meer rond was
Dr. van der Merwe — dat daar minder breekbare goed in sy klas was
Mnr. Swart — 'n dag ses met nege kadetperiodes
Mnr. Roesch — dat iemand hom ernstig opneem
Mnr. Edwards — dat iemand met 'n kettingsaag 'n ronde gat in sy Triumph se dak saag
Mnr. van Rooyen — dat sy ma nooit 'n klip op sy kop gesit het nie
Mnr. Brooks — dat 'n jaar 730½ dae gehad het




Kospasie van Affie-plaas is 'n goed opgevoede jongkêrel wat van driewiele hou en na Siembamba luister. Sy tydverdryf is koskook en hekel. Hy sal graag aan meisies wat 'n oordrewe beskermingsdrang het, skryf.






## Waarvandaan kom dit...?

Affie, weet jy waar, ja, waar kom die foto's, wat jou laat lag, huil of laat terugdink aan goeie ou tye vandaan?

Wel... eenvoudig, van die Fotografieklub af natuurlik. Daardie manne wat omtrent orals is met 'n kamera en "flash" (net waar die aksie is natuurlik)

Alhoewel die klub hierdie jaar klein was (14-15 lede), het ons (bekwame fotograwe) onderleiding van mnr Brooks en Frans du Toit met harde werk darem ons "werk" klaargekry.

Ons hoop om 1984 onderleiding van Nico Ferreira 'n groot jaar te maak. Ons wil weer die fotografiebeker terug Affies toe bring na Menlopark dit by ons afgeneem het.

Onthou! Gee maar altyd n ekstra glimlag vir die kamera!

Laat daar lig wees in 1984

## *Aardrykskundiges presteer!*



*Elda Kleynhans en Ina Vermeulen (St. 8) saam met die kunstenaar Jo Roos en mev. Roos, as wenners van die PRETOM-kompetisie 1983, het hulle hierdie skildery vir die skool verower.*

Saterdagoggend 10 September was vir baie Affies wat Aardrykskunde studeer 'n hoogtepunt van vyf maande se harde werk en navorsing en die beloning het ook nie uitgebly nie. Die Departement van Omgewingsake het 'n kompetisie uitgeskryf met die titel PRETOM wat staan vir Pretoria Omgewing. Die leerlinge is aangemoedig om selfstandige navorsing te doen oor enige omgewingsprobleem en 'n oplossing aan te bied.

Die Affies het met groot entoesiasme aan die werk gespring en die verskillende groepies het weekliks aan mej. I Pellissier gaan verslag doen oor hulle vordering. Daar is kopgekrap en gesoek, onderhoude gevoer en briewe geskrywe. Uiteindelik was die groot dag daar en is daar verslag gedoen. Ina Vermeulen, Elda Kleynhans, Anita Prinsloo en Santie van Jaarsveld (St. 8) het tydens hulle studie bevind dat rommelstrooiing die simptoom van 'n siekte is en dat die siekte net deur opvoediong genees kan word. Hulle HOU-ONS-SKOOL-SKOON-projek waarin 'n beker vir die netjiesste klas weekliks uitgeloof word en waarin 'n plakkaatontwerpwedstryd uitgeskryf is, het vir die groepie 'n eerste prys in die kompetisie besorg. Die skool spog met 'n landskapskildery deur die kunstenaar Jo Roos.

'n Groepie standerd neges bestaande uit Petro van Schalkwyk, Marsha Grundling, Marinda Bothma, Lizette Gerber, Anna-Lieze Rossouw en Hesteresia van der Westhuizen het die probleem van stedelike verval rondom die middestad ondersoek en het tot die slotsom gekom, dat alhoewel Pretoria nie die tipiese ringvormige vervalsone rondom die middestad het nie, tekens van verval tog reeds sigbaar is. Hulle het die tweede prys in die kompetisie verower.

Die moontlikheid van 'n historiese staproete deur ons middestad is deur Erika Verwey, Lorinda Theron, Sonja Basson, Reneé van Loggerenberg en Elzie Viljoen ondersoek. Hulle het die gehoor aan die hand van kleurskyfies en 'n kaart deur die middestad laat wandel. Susan Myburgh, Susan Swart, Surisa van der Westhuizen en Catherine du Toit (St. 8) het die oewers van die Apiesrivier ondersoek en het tot die slotsom gekom dat heelwat gedoen kan word om die oewers te verfraai en tot 'n veilige wandelpad te omskep.

Arina van der Walt, Sorita Kruger, Alison Smart en Hedi Roetger het na aanleiding van die RGN se bevinding dat Pretoria nog net vir tien jaar genoeg begraafruimte het, 'n ondersoek gedoen na die huidige toestand van Pretoria se begraafplaas en het selfs die katakombes as 'n oplossing aangebied.

Die kompetisie beteken egter nie die einde van al die navorsing nie. Sommige wil hulle bevindinge verder voer om aanstaande jaar te kan verslag doen oor hoe hulle hul idees geïmplementeer het!

## SÊGOED VAN DIE ONNIES:

**Mev. Prinsloo:** Kom nou mense!

**Mev. Winter:** "Standerd 8, have I ever told you how beautiful you are when you are working?

**Mej. Bothma:** Ek's honger.

**Mev. Pienaar:** Meisies, maak reguit daardie rye en bly stil in die saal!

**Mev. Bosman:** Michelle se ry kan maar stap.

**Mev. Randall:** As julle nie die werk verstaan nie, is dit julle eie skuld!

**Mev. de Villiers:** Ek gaan groen kolle uitslaan as julle aanhou onder die noot sing.


**Mev. Bierman:** . . .and may you pass with flying colours at the end of the year. (I know you will!)

**Mev. Nel:** Jy moet jou regruk!

**Mej. de Waal:** Standerd 8, have I told you about kit-kat and Schatz?

**Mej. du Plooy:** Skryf jy alweer met 'n balpuntpen!

**Mej. Hirschorn:** Klim áf van daardie gras af!



# DIE WONDERWÊRELD VAN DIE NATUURWETENSKAP

"Science is nothing but developed perception, interpreted intent, common sense rounded out and minately articulated" Uitindelik het die Affies dit ook uitgevind. Wat kan lekkerder wees as om die heeldag in 'n labaratorium rond te peuter met 'n idee van jou eie. Om draadjies en apparaatjies en batterye aan mekaar te skakel en om na baie sukkel jou idee te sien werk. Of om met chemiese stowwe rond te speel om helder, blink kristalle te skep of chemiese tuine te bou, mooier en meer fantasties as enige toneel op die seebodem. Of selfs om net navorsing te doen oor onderwerpe waarvan die gewone mens glad nie bewus van is nie. Die mikro-wêreld van die quark, geboorte van sterre in nebulae ensovoorts, ensovoorts. Daar is duisende onderwerpe in die heelal wat selfs Nobel-pryswenners, professore en ander aspirant-Einsteins dronkslaan. Dit staan enigiemand vry om sy verbeelding te gebruik en sy eie hipotese saam te stel. Dit is nodig om te sukkel. As alles vlot verloop en alles werk die oomblik wanneer jy dit aanskakel, is dit onmoontlik om die diep bevredigende gevoel van 'n skepper te ervaar.

Hierdie jaar het veertig Affies aan die Ekspo-kompetisie deelgeneem.

Van hulle het vyftien deurgedring na die finale uitstalling wat die naweek van die veertiende Oktober by die Universiteit van die Witwatersrand gehou is. Hulle was Alette Schoon — "Die gaatjiekamera", Christa Visser — "Seeppoeiers", Surisa van der Westhuyzen — "Plastiek", Mimette van As, Mariki Lochner, Sansia Naudé en Ingrid Grobbelaar — "Vesel Optika (die aserstraal)", Freda Borchardt, Ulindi van Coller, Ianda Weideman — "Statistiese opname van die rekenaar" Claudina Jonker en Maritta du Plessis" — "Kristalle", Liesel Benninghot, Ria Erasmus en Lydia Olivier — "Glas".

Dit is 'n senutergende tydjie wat jy deurbring onder die skerp oë en vrae van die beoordelaars. Gelukkig was g'n Affie nog ooit op haar mond geval nie. Christa Visser het die eerste prys in haar afdeling gewen, die twee standerd sessies Claudina Jonker en Maritta du Plessis het sommer van jongs af 'n goeie begin gemaak deur 'n tweede prys te wen, Mariki Lochner, Mimette van As, Sansia Naudé en Ingrid Grobbelaar het 'n derde prys verower (hulle het die geld gebruik om elektroniese apparaat aan te skaf vir die Wetenskapklub) en Freda Borchardt, Ulindi van Coller en Ianda Weideman het 'n merieteprys gewen.

Die meeste Affies wat hierdie jaar aan Ekspo deelgeneem het, het reeds begin werk aan projekte vir volgende jaar. Wetenskap is 'n vak wat nooit vervelend kan wees nie. Daar is eenvoudig té veel wat ons nie weet nie, té veel wat wag om ontdek te word. . .



## Wenke vir die eksamen

Baie van ons wonder soms hoe om die eksamen vinniger te laat verbygaan. Hier is 'n paar wenke van hoe om die eksamen met 'n meer positiewe gesindheid te benader:

(i) Rus gedurende die dag sodat jy makliker kan slaap in die nag.

(ii) Indien jy iemand sou sien rus, help hom.

(iii) Leer jou bed liefkry, soos jy jouself liefhet.

(iv) As jy dalk lus voel om te werk, lê 'n bietjie en ontspan totdat die drang verdwyn.

Geniet die eksamen!

## *Kom ons lag*

*How do you know when Irishman is at a cock-fight?* He's the one with the duck.

*How do you know when Van der Merwe is there too?* He bets on the duck.

*How do you know if the Mafia is also there?* The duck wins!

* * *

Ma, ma, die kinders sê ek het sulke groot voete!
Blystil en gaan trek aan jou "canoo's".

Vir die matriekafskeidrok
of partytjie
of spesiale geleentheid
kom na *Dolle Uppe.*

Ons ontwerp en maak
U spesiale uitrusing eksklusief vir U.



Dolle Uppe
Shop 21
Sanlam Centre/Sentrum
Pretoria 0002
Tel. 26-2762

# Die koshuis neem gepas afskeid . . .

'n Koshuismatriekafskeid is nie net 'n gewone afskeid nie. Dit moes 'n onvergeetlike aand wees. 'n Koshuissnoepie is in die lewe geroep om 'n begin te maak met fondsinsameling. Alhoewel daar 'n verandering van bedieningspersoneel was, het die winste stadig begin styg. Gereelde filmvertoning het bygedra tot die versterking van ons fonds. Projekte soos die koejawelrolle, T-hempies en sweetpakke het ook bygedra om 'n groter gees onder die st 9's te laat posvat.

Noukeurige beplanning was alreeds 'n maand of twee voor die groot aand aan die orde van die dag. Plante, versierings, palmtakke, heerlike kos en harde werk het die aand werklik 'n reuse sukses gemaak.

Die voorbereiding was vir sommige 'n fees (vra vir Mano en Andries) terwyl die hardwerkendes min rus gegun is. Vrydagaand is 'n vet skaap oor die spit gebraai en kon almal 'n stukkie braaivleis geniet.

Reeds die middag voor die groot funksie, was alles al gereed. Alhoewel sommiges hulle span op Loftus gaan ondersteun het, was daar tog die wyses wat 'n uiltjie gaan knip het.


Met die aanbreek van die afskeid het die Affiemanne behoorlik uitgehang. Meisies van heinde en verre het geblom en die kameras kon nie ophou flits nie.

Op so 'n hoë noot het die st. 9's die wiel aan die rol gesit en so 'n wiel rol altyd vinniger en met groter momentum.



*Die st. 9's wil ook hulle opregte dank aan almal wat behulpsaam was betuig en in die besonder die matrones en mnr. Swart*

| **In Dinge** | **Uit Dinge** |
|---|---|
| Vakansie | Eksamen |
| Cartiére | Gekleurde Horlosies |
| Land-'LOOP' | Land-'HARDLOOP' |
| Hairgel | Brylcreem |
| Bilbo | Tin Pan Alley |
| Louise & Martin | Pauly & Deon |
| Menlyn Park | Sunnypark |
| Staying Alive | Flashdance |
| SEAFOOD-DIET: "When I see food, I eat it" | BEVERLEY HILLS-DIET |
| Glenhigh | Capital College |
| Bruin tasse | Pienk tassies/Geel tassies |



***Daar het 'n "piesanglorrie" omgeval . . .***

***. . . as jy gou maak kry jy nog enetjie***

# SATERDAGAAND, 5 NOVEMBER 1983: KOSHUIS-KERSDINEE

*Sonia Breitenbach*

Ek is seker dat enige Koshuis-Affie wat bogenoemde opskrif lees iets êrens diep binne-in ervaar: iets onbekend ervaar. Dis 'n mengsel waarin 'n tikkie trots, vreugde, heimwee en dankbaarheid herkenbaar is. . . Miskien so 'n voorsmakie van daardie alombekende Kersfeesopgewondenheid?

Toe ons teen 17h45 Saterdagaand die eetsaal betree het, het benewens die flikkering van kerse, ook die geur van bloedrooi rose en van die smaaklikste disse, ons begroet.

Die feesmaal is geopen met 'n voorlesing uit die skrif. Daarna is elke standerd 'n kans gegun vir lofbetuiging.

Toe. . . die oomblik waarop elke Affie teenwoordig gewag het — die "kospotte" se oopmaak. Dankie aan ons huismoeder, kombuispersoneel en bediendes: dit was voorwaar baie, baie smaaklik!

Die aand is beëindig met: "sal ons ou kennisse ooit vergeet", "Affies dra die blou en AFFIES: "DIE KOSHUISKREET HET NOG NOOIT SÓ MOOI GEKLINK NIE!!!"



Om die aand volmaak af te rond, het almal eers gaan swem, toe na die vuurwerkvertoning op Loftus vanaf die grasperk voor die eetsaal gelê en kyk. Laastens is daar van die stoep voor die kombuis een van die puikste dansbane moontlik gemaak, en gou-gou is dit ook ingewy!

Ons wil net graag almal wat teenwoordig was bedank, die standerd neges vir hul groot aandeel in 'n fantastiese aand, die huismoeder, kombuispersoneel en bediendes vir die smaaklike ete, en aan die matrieks 'n laaste groet: "Ons sal julle mis. Hou ons naam hoog."

## *Matriek koshuis-afskeid 1983*

*Santa van der Merwe.*



Om die waarheid te sê was die matriek koshuisafskeid 'n ware fees en ook 'n belewenis.


Die beplanning en maak van dekor vir die dans- en eetsaal en koffiekroeg met Venesië as tema, was waarlik pret, maar het baie harde werk geverg.

Die groot aand waarna almal uitgesien het, het uiteindelik aangebreek. Ongeveer 19h00 het al die gaste opgedaag: al die meisies uitgevat in rokkies en skoentjies en hulle metgeselle in hulle kispakke, gereed vir die aand! Dit was seker een van die vrolikste aande wat die matrieks en st. 9's nog in 1983 beleef het. Die st. 8-bediensters was flink op hulle poste en keer op keer gereed om bevele aan die "ouer" dames en menere te noem. Na die smaaklike ete vanaf die spyskaart uit Venesië het almal na die danssaal beweeg.

So het hulle 'n genotvolle en onvergeetlike aand met 'n paar draaie op die dansbaan afgeskeid. Sal ons sê die aand is of met vrolikheid of hartseer beëindig?

Koshuismatrieks julle was puik en almal sal julle mis!

## *Raai! Raai!*




## Eksamenflaters in Aardrykskunde

1. 'n Fjord het verdrink . . . omdat hy nie kon swem nie!
2. Definieer 'n geostrofiese wind. Antwoord: Nee, hy definieer nie.
3. Omskryf die term "potholes": Antwoord: Stout kinders maak gaatjies met hulle potlode in die skoolbanke.
4. Verklaar die volgende terme:
   - 4.1 Drempelbevolking: Daar is termiete in kamer 35 se deurkosyn.
   - 4.2 Reikwydte: Dit is hoe ver 'n koshuisleerling by die venster kan uithang sonder uitval.
   - 4.3 Sentrale ligging: Die hoof se woonstel of die skoolterrein.
   - 4.4 Bevolkingsontploffing: Saaltyd en standerd sesse sit op die stoep.
   - 4.5 Dagsoom: Haar rok se soom is met sellotape vasgeplak.
   - 4.6 Invloedsfeer: Niemand oorvleuel in die hoof se kantoor nie!
   - 4.7 Spuitbron: Iemand het liquefruit in die klas oopgemaak!
   - 4.8 Konglomoraat: Die agterste ry in die fliek.
   - 4.9 Vulkaan: 'n Iemand wanneer iemand se huiswerk nie gedoen is nie.

# *Grappe*

*Juf. Dicker:* Christelle, wat is 2 + 4
*Christelle:* 5.
*Juf. Dicker:* Nee man, dis 6.
*Christelle:* Hu-hu, juffrou sal my nie bol nie, 3 + 3 is 6.

* * *

Waarin slaap 'n Indiër-baba?
*Carry-Cot*
Waarin slaap 'n swart baba?
*Boy-Cot.*

* * *

*Jeanne:* Kan ek dié rok in die venster aanpas?
*Dame:* Nee, ons het paskamers.

* * *


*Wat is die definisie van 'n pessimis?*
Iemand wat eers links en dan regs kyk voor hy in 'n eenrigtingstraat opstap.
*Wat is die definisie van 'n koshuiskind?* 'n Akademikus met 'n gróót eetlus.

* * *

*Juf. Dicker:* Ken jy die 18-maaltafel, Monica?
*Monica:* Ja Juffrou.
*Juf. Dicker:* Hoe gaan dit?
*Monica:* Baie goed dankie Juffrou.

* * *

# *Hoe dan nou Affies??*



Interhoër '83: Meisies Hoër verloor 2 dinge: die B-bond en die geesbeker! Almal voel een of ander iets: teleurgesteld, ontsteld, bedremmeld of kwaad, maar snaaks genoeg, almal is verbaas. Waarom, terwyl almal gewéét het ons het nie geoefen nie. Miskien het ons nie gedink dit sou só sleg gaan nie. Wel, ek het nuus: dit het nóg slegter gegaan! Want ons het nog iets ook verloor — ons kamstige reputasie dat ons altyd die geesbeker wen en nie met ál die pryse wil wegstap nie. Wel, in 1983 het ons vir onsself 'n rat voor oë gedraai, want geen skool kan verwag om êrens te kom as hulle net een ding goed kan doen en almal weet dis eet nie. Moenie sê daar is nie probeer nie: Mnr. Windell het met ons kom praat; mev. Windell het haar professionele hulp aangebied en mev. Pera het vervoer na N.K.P. gereël. Ja-nee, probeer is daar wel, miskien net nie van ons kant nie. . .

Besef julle dat as ons nog 'n jaar verloor die meeste van ons teen die einde van matriek in die A, B en C-Bond was? En dis presies wat gaan gebeur as ons nie drasties begin oefen nie. Komaan man, wys jóú slag!!!

* * *

As jy tot hier gelees het en nog nie meer positief is nie, vat jou Stroom-op en gaan gooi hom in die asblik en eet maar weer verder. Jammer dat ek jou durf pla het. Maar, as jy durf en wilskrag het, nuwe lewenslus wil hê, maer wil word, verlore jeug wil herwin, 'n ou wil hê en in wil wees, lees verder en breek weg met my super slim sensasionele plan.

Hier volg my beproefde formule:

(a) Vat die Stroom-op in jou linkerhand en gaan staan voor 'n vollengte spieël; bekyk nou jouself krities. Nie baie mooi nie nê — vaal wange, dowwe hare, moeë oë, afgematte uitdrukking, pap spiere, lustelose houding, en as jy tussen die rye oopgebarsde nate kyk, sal jy sien wat jy van st. 6 af nie wil erken nie — 6 kg opgehoopte VET!!

(b) Dink nou hoekom ander mense, bv. Cliff (hoofseun, rugbyheld, makro-man en cassenova) jou nie eers raaksien nie en slegs ouens soos Sarel (wat ek nie die moed het om te beskryf nie) vir jou kyk. Die antwoord is eenvoudig — die arme Sarel swaap se bril is toe al die tyd nie sterk genoeg nie!!

(c) Besef nou dat jy, om dit sag te stel, "beter dae" geken het. Dae toe jy die diskus verder as Herman kon gooi en die 100 meter in 11 sekondes gedraf het.

(d) As jy tot hier gelees het en moed verloor het, lees verder!

(e) (O ja, jy kan nou maar voor die spieël padgee en gaan sit. . .)

(f) (i) Oortuig jouself dat jy vet en verveeld is.
(ii) Sê dan aan jouself dat jy maer, atleties en bowenal mooi wil word.


(g) Nou gaan jy dadelik Albie Bates toe en kry vir jou 'n ordentlike paar hardloopskoene (dis belangrik) en 'n sweetpak wat twee nommers te klein is (dis net so belangrik).

(h) Skakel van nou af alle soetgoed uit. Kom oefen dan die Dinsdag wanneer die skole begin om 14h00 op Seunshoër se veld in jou sweetpak wat teen daardie tyd al gaan pas. Sien jou daar!!!

Kom nou Meisies Hoër, laat ons almal saamstaan om 1984 'n puik, nuwe jaar te maak met nuwe ideale. Julle het 'n fantastiese en uiters geesdriftige groep matrieks wat die pas sal aangee!!

# Driedruk drie-en-tagtig


Met trots kan Affies terugkyk na die geslaagde driedrukrugbyseisoen van 1983. Affies het vanjaar besonder goed gevaar. Die A-span het die liga gewen terwyl die B-span en die O/14 span albei tweede in die liga geëindig het. Die puik prestasie getuig van harde oefening. Dit bewys dat daar beslis iets belowends vir volgende jaar se rugby gaan opduik.



Om die oorwinnings te kon behaal, moes Affies klaarspeel met geharde spanne soos Gerrit Maritz, Eldorainge, en vele andere. Dit is voorwaar 'n puik prestasie waarop elke Affie trots kan wees.

Ons wil ook dan net vir dr Van der Merwe dankie sê vir die puik reëlings en organisasie. Ons is bewus dat dit baie opofferings verg. Ons sien uit na volgende jaar se rugbyseison. Sterkte vir 1984!

# 'n Nuwe sportsoort op die horison



Vanjaar is die eerste keer dat Affies sagtebal speel en twee O/16-spanne is in die liga ingeskryf. Die belangstelling en entoesiasme van die spelers was grootliks verantwoordelik vir die sprankelende sukes wat behaal is.


Menige span het hul moses teëgekom en gou besef dat Affies 'n span is waarmee daar deeglik rekening gehou moet word.

Die O/16 A-span het slegs met een punt nie daarin geslaag om in die semi-finaal te speel nie. Hulle spel was deurgaans van hoogstaande gehalte en aanskoulik.

Die O/16 B-span het tweede in die B-liga geëindig en was in die onbenydenswaardige posisie om teen die wenner van die A-liga en ook die algehele wenner, Transvalia, in die semi-finaal te speel. Ons het 12-2 verloor, maar die prestasie was van groter belang as die telling. Ses van ons spelers is uitgenooi na die provinsiale proewe. Hulle was Christo en Polla Potgieter, Poon du Plessis, Rudi Britz, Jacques Snyman en Johan Gysbers. Drie van hulle, nl. Christo en Polla Potgieter en Poon du Plessis is in die N.-Tvl-oefengroep opgeneem en is later ook vir die O/16 span gekies om N.-Tvl van 12-15 Desember te verteenwoordig in 'n interprovinsiale toernooi wat op L.C. de Villiers-stadion gehou sal word. Poon du Plessis is ook as die beste O/16-kolwer vir 1983 deur die N.-Tvlse Sagtebalvereniging aangewys.

Ons wil net die drie manne geluk wens, sterkte en sukses toewens en die hoop uitspreek dat ons dalk volgende jaar nog beter sal vaar om sodoende Affies se naam ook op 'n ander sportgebied uit te dra.

# *VSA vs Affies*



'n Amerikaanse klubspan van Chicago, Ilinios, het tesame met hul afrigter en bestuurder deur Suid-Afrika getoer. Hier het hulle by verskeie Affies tuisgegaan wat die klomp Amerikaners baie oulik gevind het, maar daar was een stuikelblok: die Amerikaanse aksent. Dié aksent het ook heelwat pret op die baan besorg. Sonja moes 'n rekord opgestel het. Sy het seker die meeste kere ooit op een dag haar spel onderbreek om "What?", "Hey", en I beg your pardon?" te sê.

Die Amerikaanse klublede was van verskeie ouderdomme maar, ten spyte van die ouderdomme, ervaring, bestuurder en fantastiese sweetpakke moes hulle die onderspit teen die Affies delf.

Die opwinding het 3 Augustus om 12h00 begin. Met die hele A.H.S. matriekklas as toeskouers is daar deur die wedstryde gedraf. Elizma Nortjé het, ten spyte van 'n beseerde enkel, haar skool se naam hoog gehou en haar teenstanders in die stof laat byt. Ongelukkig kon sy nie in die gemengde dubbels speel nie en is die wedstyrd aan die teenstanders toegeken. Dit was ook die enigste wedstryd wat die Amerikaners "gewen" het. Ons het die Amerikaners in enkels, dubbels en gemengde dubbels kaf gedraf en die eindtelling was soos volg:

Chicago 1 ; AMS 14 : Chicago 0 ; AMS 15

Ons wil ook net spesiale melding maak van Sonja du Toit se uitmuntende spel in die dubbels. Mooi so!

Na die dag se harde werk het die hele span, bestaande uit:

| | |
|---|---|
| Elizma Nortjé | André de Beer |
| Sonja du toit | Ludwig Mansen |
| Ina Terreblanche | Martin Badenhorst |
| Ané Visser | Wehmeyer Ferreira |
| Gené Visagie | Tom Combrink |
| Jarné Viljoen | |
| Nicolene Heathcote | |
| Debbie Greyling | |
| Madrie Schutte | |

Saam met die teenstanders 'n reuse makietie gehou (daar is mos geen kwade gevoelens nie). Daar is ongelukkig 'n bietjie gedraai met die kos en die arme Tom ken net nie sy honger bedwing nie. Die goedhartige Ané skenk hom toe 'n appel en vra (in Afrikaans) of hy dit geniet. Toe 'n Amerikaanse meisie wou weet wat hy gesê het is Ané se flinke antwoord "He's eating his apple very lekker!"

Maar in die tyd het die Amerikaanse span aan elke Affie n pragtige T-hemp gegee as teken van waardering.


Alhoewel hulle nie so goed teen die Affies gevaar het nie, het hulle 'n wonderlike sportmansgees en hulle kan gerus weer kom!

*Affies*

Georgie Girl
Uitverkoping binnekort
casual boutique
hatfield galleries

# SONJA DU TOIT

## — Noord-Transvaal Tennis



*Met haar heuningblonde hare en laggende groenbruin oë kon sy die heldin in 'n storieboek gewees het. Maar sy is nie. "Sonja, jy is gekies as sportvrou van die termyn en ek moet 'n onderhoud met jou voer".*

Ek? Regtig? Wanneer wil jy die onderhoud voer? Nou? Begin maar.

*Wanneer het jy begin tennis speel.*
Toe ek sewe jaar oud was omdat my sussie gespeel het. In st. 1 hou ek toe daarmee op omdat ek dink dat dit 'n "simpel" spel is. Toe begin ek in st. 2 om netbal te speel maar, die balle is nogal hard en toe ek my vinger breek, was dit die laaste strooi. Toe begin ek weer tennis speel (Ek dink egter nog steeds rugby is 'n beter proposisie — hang natuurlik af teen wie jy speel).

*Hoe het jy op laerskool gevaar?*
Ek was in Pretoria-Oos en daar was sterk spelers, maar ek het alreeds in st. 2 as no. 1 vir die eerste span gespeel.

*Wie was jou gunsteling afrigter?*
Ek het eers by Jerald Stoberg afrigting gekry. In st. 4 by Mynie van Zyl, Annette du Plooy en by Gerrie Berner het ek die beste gevaar maar ek kry nou afrigting by André Cillie.

*Gaan jy tennis jou loopbaan maak?*
Ek weet nie. Daar is geld in tennis, maar ek moet kies tussen dit en L.O.-onnie.

*Hoe baie oefen jy?*
Twee uur per dag. Dan hardloop ek vir een uur. Ek het geen vakansies nie want dan speel ek toernooie.

*Watter reekse het jy mees onlangs gewen?*
Twee Datsun-toernooie en in die P.S.T.L.-reeks is ek ongelukkig in die finale eindstryd uitgeskakel.

*Is jou dieet vir jou belangrik?*
Nooit! Ek glo nie in dieet nie. My gunsteling kos is pizzas en "nutellas".

*Hou jy van skool?*
Nooit! Ek het net een gunsteling vak en dit is Voorligting.

*Vertel my meer omtrent jouself.*
(O vet!) My gunsteling kleur is blou en my gunsteling klere is "oorpakke". My stokperdjies is sokkiejolle, tennis, fliek en EK HAAT LEES.

*Musiek?*
Net Foreigner en Rod Steward.

*Wat is jou ideale?*
Om in 'n nagklub in Las Vegas te Swot en in Waterkloof te gaan bly.


*Waarna sien jy die meeste uit?*
Matriekafskeid.

*Wat was die grootste oomblik in jou lewe?*
Toe Juan my tas gedra het.

*Ten slotte, wie is jou helde en heldinne?*
Lendl, Lloyd en Connors.

*Sonja, die Stroom-op redaksie, en sommer almal met wie jy in aanraking kom, wens jou geluk met jou prefekskap en alles van die beste met jou tennis.*

## *Administrateurs-tennis*



Affies het hierdie jaar weer net so besonder goed presteer in hul tennis, soos vorige jare.

Ons het deurgedring na die Administrateursfinaal op Dinsdag 27 September, op Loftus se bane. Hier het ons weer eens met vernuftige spel die gedugte vyand, Linden Hoër, aangepak. Die stryd om die beker het reeds vroeg begin. Deur die hitte van die dag tot aan die einde het Affies sonder opgehou geveg.


Seuns Hoër het weereens as die wenners van die Administrateursbeker uit die stryd getree. Ons wens hulle hartlik geluk!

Ons was nie so gelukkig nie, maar ons wens Linden Hoër hartlik geluk met hul vernuftige spel, en ons hoop om hulle volgende jaar weer te sien!

Die telling was soos volg:

E. Nortjé teen M Reinach (3 stelle) 6-2: 2-6: 2-6
S. du Toit klop L. Snyman met 6-3 en 6-4
E Reinach klop I. Terreblanche met 6-2 en 6-1
E. Blom klop A. Visser 6-2 en 7-5
M. Reinach en L. Snyman klop E. Nortjé en S. du Toit met 2-6: 6-1 en 6-0
E. Reinach en E. Blom klop A. Visser en I. Terreblance met 6-4: 0-6 en 1-6
A Vissen en Ena Wessels 6-4 en 7-5

# *Sportman van die Termyn*




André de Beer is op 18 Oktober 1965 in Pretoria gebore. Op agtjarige leeftyd het hy reeds begin tennis speel. Hy het sy laerskoolloopbaan aan die Laerskool Monumentpark voltooi. Vir ongeveer ses jaar het jy by Danny Sulliman, 'n bekende in tenniskringe by Affies, afrigting ontvang tot en met die begin van sy matriekjaar. Sedertdien speel hy by Monumentparktennisklub.

Op Laerskool het André se tennistalent reeds deeglik onder die kollig gekom deurdat hy in st. 5 die Noord-Transvaalse Laerskoolkampioenskappe gewen het. Op Laërskool het hy egter steeds verbeter en in st. 8, 9 en 10 daarin geslaag om die Noord-Transvaalse Hoërskolespan te verteenwoordig. In st. 9 het hy reeds 'n paar wedstryde vir die eerste span gespeel, maar in st. 10 word hy gekies as tenniskaptein van die eerste span. Dié span het dan ook vir die derde agtereenvolgende jaar die Administrateursbeker verower deur Linden te verslaan. André beskou dié oorwinning dan ook as dié grootste oomblik van sy tennisloopbaan tot dusver.

Sy puik prestasies skryf hy hoofsaaklik toe aan goeie afrigting en harde oefening deur die jare. André is van plan om volgende jaar eers Weermag toe te gaan en daarna wil hy moontlik by Tukkies in een of ander rigting studeer. Sy toekomsplanne is egter nog onseker.

Stroom-op wil namens al die Affies aan André voorspoed toewens vir die toekoms en die hoop uitspreek dat hy steeds hoër hoogtes wil bereik, veral op die tennisbaan.



# Krieket lyk blink

Met 'n baie positiewe gesindheid is die kreiketseisoen aangepak na 'n baie goeie eerste termyn se krieket. Vroeg reeds is al begin om die veldwerk op te knap en mens kon sien dat Affies lus was vir die ding!

Met mnr Edwards as afrigter van die eerste span is daar elke Dinsdag en Donderdag geoefen. Met die eerste wedstryd het dit ook sommer voor die wind gegaan en ons klop Overkruin met 'n hele aantal paaltjies. Ons moes egter die knie buig voor Verwoerdburg, maar na 'n derde probeerslag is daar met hulle afgereken. Daarna is met Menlopark — ons groot vyande — ook afgereken.

Na daar met Erasmus afgereken is, speel ons toe teen Oos-Moot in die finaal om die Uniewinkelstrofee. Ongelukkig kon Affies nie hier die knoop deurhaak nie en was dus die naaswenners in die liga.


Met ons O/15 span het dit besonder goed gegaan. In die finaal van die onder vyftien liga het hulle met C.R. Swart afgereken en dus die liga ingepalm. Op so 'n manier is die harde werk van mnr Cilliers en die spelers ook beloon.

'n Klomp van ons spelers het ook die voorreg gehad om Affies by die jaarlikse proewe te gaan verteenwoordig. C. Purchase het dan ook die Noord-Transvaalse O/15 span gehaal terwyl A. Manser ingesluit is in die Pretoria Provinsiale Skolespan..

Marius Pretorius is ook aangewys as die krieketspeler van die jaar en het ook die trofee as beste kolwer verower. Ons sê baie geluk aan Marius wat ook 'n pragtige telling van 75 lopies hierdie seisoen behaal het.

Met die krieket nou agter die rug en nog 'n jaar wat voorlê, is Affies definitief reg vir die ding. Met reeds vyf O/15's in die eerste span hierdie jaar kan Affies, en gaan Affies, volgende jaar net beter doen.

# Atletiekprestasies is ons mikpunt



Die Affies is vol moed en vertroue om van die volgende seisoen 'n puik atletiekseisoen te maak. Daar is reeds met groot ywer begin oefen en die entoesiasme is duidelik onder die Affies te bespeur.

Mnr. Thuynsma en mnr. Swart het die leisels sommer van die begin af vasgevat en 'n span is op meriete saamgestel om aan die eerste byeenkoms van die seisoen te Witbank deel te neem. Met groot geesdrif het die Affies op die baan gestap en uitstekende prestasies is gelewer. Die Affies alleen het sewentien eerste plekke behaal waarvan verskeie prag rekords was. Ten spyte van die sterk wind is goeie tye vir hierdie tyd van die seisoen aangeteken.

'n Spesiale woord van gelukwense aan ons middelafstandatlete en mnr. Swanepoel wat vir hulle harde werk beloon is. Dertien van ons sewentien eerste plekke is deur die middelafstand-atlete behaal en ons het al die 400 m-wedlope gewen. Die hoogtepunt van die dag was egter die aflosse. Soos tevore was Affies se aflosse puik en ons het al die aflosse ingepalm en slegs by die O/16's 'n tweede plek behaal.

Met harde werk en deeglike voorbereiding kan Affies volgende jaar weer sy merk in atletiek maak. Ons doen 'n beroep op elke Affie om sy volle samewerking te gee, sodat ons Menlopark met volle vertroue kan aanpak en van 1984 'n puik atletiekseisoen te maak.

# *Prag Atletiek!*

Op 9 November 1983 is die eerste atletiekbyeenkoms van die nuwe jaar sommer in die ou jaar gehou! Dit was slegs vriendskaplik, en geen punte is aan spnne toegeken nie. Skole wat deelgeneem het, was Afrikaanse Hoër Seunskool en Afrikaanse Hoër Meisieskool, Hoërskole Wonderboom, Tuine, Pretoria-Wes en Ben Viljoen van Groblersdal se baanatlete. Die Affie seuns, wat regdeur die jaar geoefen het, het beslis koning gekraai. Baie geluk aan hulle, en dankie aan almal wat gehelp het om die 'n onvergeetlike aand te maak!

Gedruk deur Brill Broers (Edms.) Bpk.